








WEEK 22 – 26 Junie

NW GRAAD 9

Huiswerk: Merk jou werk

Aktw 2 p 86

Verbindingsformule	Naam van verbinding	Model van verbinding
CO_2	Koolstofdioksied Of koolsuurgas	
NaCl	Natriumchloried Tafelsout	
H_2O	Water	
O_2	Suurstof	
SO_3	Swaweltrioksied	
CuO	Koperoksied	
CO	Koolstofmonoksied	

Dinsdag : Doen summatiewe assesering op bladsy 88 en 89. As jy na no 6 kyk, werk dit net soos wiskunde: Kom ons kyk na a) $2\text{Na}_2\text{CO}_3$, sit nou hakkies om en maal die hakkies uit. $2(\text{Na}_2\text{CO}_3)$, dus $2 \times$ die 2 by Na = 4 Na atome, $2 \times$ C = 2 C atome, 2×3 O atome = 6 O atome

Donderdag : p 90 . Soos jy weet is atome baie klein en daarom gebruik ons modelle of simbole om dit voor te stel. Verskillende atome kan met balletjies voorgestel word. Die balletjies kan aanmekaar raak of met stokke verbind word. Soms word balletjies met lyne verbind. Die lyne verteenwoordig die chemiese binding.

Verlede jaar het jy woordvergelykings gebruik nou gaan jy chemiese vergelykings ook gebruik.

Daar moet dieselfde aantal atome (simbole) aan die linkerkant as aan die regterkant van die vergelyking wees. DINK AAN 'n outydse weegskaal, waar die twee kante moet balanseer. Kyk na die voorbeelde op p 91.

Om 'n vergelyking te balanseer mag jy net vooraan die formule aanlas bv $2\text{H}_2\text{O}$. Jy MAG NIE aan die FORMULE verander nie!!!!, want 'n formule bind altyd in 'n vaste verhouding.

Die simbole wat aan die linkerkant voor die pyltjie voorkom word die REAGENSE OF REAKTANTE genoem. Die simbole wat na die pyltjie voorkom word die PRODUKTE genoem.

Geen atome gaan verlore tydens reaksies nie, maar word net herrangskik.. Doen akt 3 . Teken sommer die modelle in jou boek. Gaan al die voorbeelde deur op p 92 en 93 en kyk of jy 'n vergelyking kan balanseer. Doen summatiewe assesering op p 94